Vrydag 3 April
Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-14
Fokusgedeelte: Eksodus 12:12,13 (AFR83)
"Verlossing alleen deur die bloed van God se Paaslam!

In die uiters belangrike gesprek oor ons verlossing moet gevra word: Presies wat is dit wat ons verlos? Baie mense sal dadelik antwoord: "Jou geloof in Jesus Christus!" Heeltemal tereg. Die geloof is baie belangrik om jou in 'n korrekte verhouding met God te bring. Maar dit is belangrik om daarop te let dat geloof die Godgegewe instrument (hand) is waarmee die verlossing in ontvangs geneem word. Dit is Christus alleen wat jou verlos! Hy alleen is jou Verlosser en Saligmaker. En sy bloed/lewe is die losprys wat vir jou aan die kruis betaal is.

Kom ons illustreer die reinigende waarde van die bloed aan die hand van die gebeure tydens die nag toe die Paasfees ingestel is. Ons lees: *"Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie."* Op hierdie stadium was daar al nege plae; maar dit was nie die plae wat Israel uit Egipte verlos het nie. Die farao se hart was steeds verhard. Daarom het God ten slotte sy "troefkaart" gebruik: die bloed van die lam waarteen die duiwel geen verweer het nie!

Die Israeliete se eersgeborenes is nie in daardie verskriklike nag beskerm omdat hulle "goed" was nie. Hulle is beskerm omdat hulle gelowig en gehoorsaam aan die Goddelike bevel onder die bloed van die paaslam geskuil het. Al die klem is op die BLOED van die lam! Want: *"Waar Ek die BLOED sien, sal Ek verbygaan."*

Wat jou eie verlossing betref moet jy raaksien dat die bloed van hierdie lam geroep het om die bloed van God se Paaslam, Jesus Christus, wat aan die kruis op Golgota vergiet is om God se uitverkorenes uit die slawehuis van die sonde te bevry. En soos God in Egipte NET na die bloed gekyk het, so kyk Hy vandag ook NET na die bloed van Jesus wanneer Hy oor jou skuld of onskuld moet besluit. Omdat Hy tevrede is met die bloed van sy Seun, trek Hy 'n streep deur jóú sonderekening!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*